Ons Wil Jesus Graag Sien

Mag maar sit as julle wil. So bly om weer buite in die tent te wees vanaand om te preek in die Naam van ons kosbare Verlosser, die Here Jesus. En ek vertrou dat Sy seëninge op ons almal sal rus. En ons begin 'n bietjie laat, ek ken hierdie konvensies, hulle neem 'n hele tydjie in hulle finansies, en dinge; dis waarom ek nooit een kan hou nie.

2 Ek, as ek daarvoor moes gaan om geld te kry, sou ek beslis uit die prentjie uit wees. Dis waarom ek my dienste nederig en klein gehou het, sodat ek nie geld hoef te hê nie. Ek kan vir tien gaan preek, of vir 'n halfmiljoen. As die Here wil hê ek moet vir tien preek, dan is ek nie onder enige verpligting nie, ek het nie enige radio, televisie, of enige groot dinge nie, en ek het nie enige geld nodig nie, net om van te lewe, en so op dié manier, hou ek net daarvan om so te lewe.

3 Die Here het van beter geweet as om vir my enigiets anders te gee. As ek dink . . . My uitgawes beloop my omtrent 'n honderd dollar per dag by my kantoor. En wat van . . . ?

4 Julle sê: "Dis baie."

5 Oral Roberts is tussen sewe en tienduisend. Billy Graham is somtyds vyf-en-twintigduisend per minuut op sy uitsending. So daardie mense moet geld hê.

6 As ek dit moes doen, sou ek net wegstap. Ek het nie die intelligensie om dit in die eerste plek te doen nie. Maar die Here het my net nederig laat lewe, en ek—ek nie . . . My dienste word nooit groot nie, ons hou dit net klein. Ek het pas 'n herlewing gehou in 'n plek wat twintig mense kon inpas, dan het ek Indië verlaat waar ek vyfhonderdduisend gehad het.

7 Net so pas, het 'n man sy arm om my gelê van Duitsland af, net so pas, waar ons gemiddeld tienduisend bekeerlinge gehad het elke aand, vyftigduisend in vyf aande. En in Durban, Suid-Afrika, het ons dertigduisend in een altaar-oproep gehad. Ek kon nie skat wat dit in Indië was nie, daar's net oseane mense. Maar wanneer die Here wil hê ek moet soontoe gaan, stuur Hy net iemand om met die geld, en stuur my soontoe. So dis hoe ek dit het, en ek los dit net soos . . . So Hy . . . Maar soos hierdie broers hier in hierdie groot konfensies, hulle het baie geld, en dinge nodig, en hulle moet dit doen.

So, kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik vir gebed.

8 Ewige God, blaas U Gees op ons vanaand, Here. En ons het U nodig, en ons bid dat U ons sal bedien, en ons die gemeente sal laat bedien. In die Naam van U Seun, Jesus, vra ons dit. Amen.

9 Nou vanaand, mag die Here Sy seëninge byvoeg. Môre-aand is ons vertrekaand. En ons moet van hier af, reguit, onmiddellik opgaan na Greenville, Suid-Carolina, in 'n ander konvensie. Dan het ons die Baptiste mense bo in, ek dink dit word Green Pines genoem, of so-iets, Noord-Carolina, Pine, Green Pine of Pines, een of ander soort Pine, bo in Noord-Carolina saam met die Baptiste mense. En dan van daar af, na die Volle Evangelie Sakemanne se konvensie by Philadelphia, dan is ek geskeduleer vir oorsee.

10 Ek moet binnekort 'n bietjie rus kry, want ek is regtig moeg. En ek gaan net na . . . Dink net, ek was konstant aan die beweeg van die 1ste Januarie af, sien, en aand na aand. So nou, vra nie vir simpatie nie, vra net vir gebed, dis al, net gebed is al wat ek nodig het.

11 Nou, ek wil graag lees . . . Nou, ek weet ons is 'n bietjie laat, en net omtrent 'n halfuur laat. Ek weet daar's baie van julle mense wat werk, maar ek—ek wil net genoeg tyd neem om vanaand te probeer verduidelik, want ek gaan vir die siekes bid, en ek—ek wil hê julle moet dit deeglik verstaan. Dit sou baie beter wees vir jou om te verstaan waarvoor jy hiernatoe kom, of waarvoor jy hier is, as wat jy nou net daarin stoomroller, en nie weet wat jy doen nie. Sien? Dis nie 'n tref en trap situasie nie, dis, ons ontmoet vir God. En ons moet . . . Ek gaan nie preek nie, ek gaan net vir julle verduidelik wat ek daarvan dink.

12 Eers, wil ons altyd alles wat ons doen, op die Woord baseer, want dit moet van God se Woord af kom. Ek glo dat hierdie die fondament is, is hierdie geseënde Bybel, en alles wat ons doen, en alle aksies van die Gees moet uit die Skrif kom as 'n belofte van God. As dit nie, wel, sal ek—ek—ek nie sê God sou dit nié doen nie, maar ek sou net 'n bietjie bang wees daarvoor as—as dit so was, maar solank dit van die Skrif af is, goed.

13 So, nou wil ek graag iets lees uit die Boek van Johannes en die 12de hoofstuk van Johannes, die 20ste vers. En dan wil ek Hebreërs 13:8 as 'n teks neem.

> *En daar was sommige Grieke onder dié* wat *opgekom het na . . . die fees:*
>
> En *hulle het gekom . . . na Filippus, wat van Betsáida was . . ., en* vir hom gesê*, Meneer, ons wil Jesus graag sien.*

14 Dan Hebreërs 13:8 staan daar geskrywe:

> *Jesus Christus dieselfde gister, . . . vandag, en tot in ewigheid.*

15 En nou, my onderwerp vanaand sou wees: *Ons Wil Jesus Graag Sien.*

16 En as ek na hierdie gehoor sou gaan en een en elkeen van julle vra om julle hande op te steek, almal hier wat Hom graag

wil sien, glo ek sou elke hand op wees, want niemand kon ooit—ooit Sy Naam hoor, wat nie sou verlang om Hom te sien nie. Dis my groot verwagtinge, is om eendag na Hom toe te kom en net my hande op Sy voete te lê, die wonderlike Een.

17 'n Tyd gelede onder in die suide was daar 'n ou, gekleurde man, en hy was uit na 'n ou plantasie-sangdiens, en hy—hy is gered. En so op sy pad terug werk toe die volgende oggend, het hy onder die slawe vertel: "Ek's vry!"

En die baas het gekom en gesê: "Mose, wat is hierdie wat jy sê? Jy is 'vry?'"

Hy het gesê: "Ja, Baas, ek's vry!"

Hy het gesê: "Kom na die kantoor toe, Mose, ek wil met jou praat oor hierdie vryheid waarvan jy praat." So hy het gesê: "Jy onthou jy's 'n slaaf."

18 En toe hy in die kantoor gekom het, het hy gesê: "Mose, wat is hierdie wat jy sê?"

Hy het gesê: "Baas, ek het gesê ek is vry, want gisteraand by 'n klein sangdiens, het Jesus Christus my vrygemaak van die wet van sonde en dood, en ek's 'n vry man vandag."

Hy het gesê: "Mose, bedoel jy dit regtig?"

Hy het gesê: "Ek bedoel dit, Baas, met my hele hart."

Hy het gesê: "Dan sal ek afgaan en die verklaring teken, ek sal jou ook vrylaat, sodat jy dit onder jou broers kan preek."

19 Jare daarna het hy op sterwe gelê, en baie van sy wit broers het na hom kom kyk, en hy was oënskynlik in 'n dwaal of 'n beswyming. En hy het wakker geword, en hy het rondgekyk, hy het gesê . . . sommige van hulle het gesê: "Mose, ek—ek het gedink jy is weg."

Hy het gesê: "Ek was net by die poort."

En hy het gesê: "Wat het jy gesien, Mose?"

20 Hy het gesê: "Wel, ek—ek sal jou sê wat ek gesien het," hy het gesê: "ek het by die hek gestaan, en kyk, en ek het Hom gesien." En gesê: "Daar het iemand wat na my toe gekom het, en gesê het: "Mose, kom hiernatoe en kry jou kroon en jou kleed."

Hy het gesê: "Moenie met my praat oor kroon en klede nie."

Hy het gesê: "Wel Mose, jy was 'n getroue dienskneg, jy het 'n kleed en 'n kroon verdien."

Hy het gesê: "Moenie met my daaroor praat nie, my beloning is: Laat my net na Hom kyk vir 'n duisend jaar."

21 Ek dink dis omtrent ons almal se gevoel: Laat my net na Hom kyk. En tog, volgens ons Skrifte, sê die Bybel dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. So as Hy dieselfde is, en ons verwagtinge is dieselfde as wat hierdie Grieke was: "Menere, ons wil Jesus graag sien. Nie . . . Ons wil nie hê Hy moet 'n

wonderwerk doen nie, ons wil nie Sy lering hoor nie, ons wil Hom net graag sien," wel, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, waarom kan ons Hom nie sien nie?

22 Nou, ons . . . Ek wil hê julle moet hierdie woorde hou, moet hulle nou nie mis nie, want ons het 'n groot veldtog, en ons is hier in hierdie konvensie waar ons nie 'n kans kry in die middag om—om deur hierdie dinge te gaan nie, en jy moet dit begryp en dit weeg met God se Woord: "Kan enigiemand vir God sien?"

23 Daardie vraag is gevra in 'n Sondagskool in my stad. 'n Seuntjie was in die Sondagskool en hy het vir sy mamma gesê, hy het gesê: "As God so groot is, waarom kan 'n mens Hom nie sien nie?" Gesê: "Kan ons Hom sien, Mamma?"

Gesê: "Wel, waarom vra jy nie vir jou Sondagskoolonderwyseres nie?"

Sy het gesê: "Vra vir die pastoor."

Die pastoor het gesê: "Beslis nie, seun. Niemand kan vir God sien en lewe nie." En die kêreltjie was verbaas oor die pastoor se stelling.

24 En hy het destyds onder op die Ohiorivier gebly, waar ek langs die oewer daarvan woon, grootgemaak op daardie oewer. Ver op met die rivier na Ses Myl Eiland, waar hierdie ou visserman, die seuntjie altyd mee saamgegaan het, eendag opgegaan om sy lyne te gooi, en die seuntjie was saam met hom. En op die pad ondertoe, het daar 'n storm opgekom, en hulle het ingetrek en agter 'n paar bome ingegaan. Na 'n rukkie, het die storm verbygetrek, en hulle het weer in hulle roeibootjie vertrek met hulle vangs. En op hulle pad ondertoe, het daar 'n reënboog agter in die ooste gekom, en soos hulle weswaarts gegaan het, het die ou visserman met sy silwer-punt baard, die boot geroei, daardie reënboog dopgehou.

25 En die seuntjie wat agter in die boot gesit het, het die trane opgelet wat van sy grys baard afgeloop het, en hy het opgewonde geraak, en hy het opgehardloop na die middel van die boot, en hy het aan die ou visserman se voete neergeval, en hy het gesê: "Meneer, ek wil vir jou 'n vraag vra wat niemand my blykbaar kan antwoord nie." Gesê: "U het na daardie reënboog gekyk, en ons word in die Skrifte geleer dat God die reënboog gemaak het." Hy het gesê: "As God so groot is," gesê: "kan enigiemand Hom sien?" Gesê: "Die pastoor het gesê niemand kan Hom sien nie, die Sondagskoolonderwyseres het gesê niemand kan Hom sien nie. Wat sê jy?"

26 Die ou visserman, so oorweldig, hy het sy roeispane in die boot ingetrek en die seuntjie in sy arms omhels, en hy het gesê: "God seën jou hartjie, skat. Al wat ek die afgelope veertig jaar gesien het, was God." Hy moet eers aan die binnekant wees, voor jy Hom aan die buitekant kan sien. As Hy binne-in is, sal Hy jou oë gebruik om Hom te sien.

27 Maar ek wonder, onder . . . meeste van julle mense is Pinkster, en ek wonder . . .

28 Hier 'n paar dae gelede in Louisville, was daar 'n dame wat afgekom het in 'n sekere tien-sent winkel, en sy het 'n babatjie in haar arms gehad, haar seuntjie, en vier of vyf jaar oud, en sy sou na die toonbank toe gaan en sy sou 'n dingetjie optel, en sê: "Kyk hierna, Skat," maar die seuntjie het net gestaar. En sy sou na 'n ander toonbank toe gaan, en skynbaar die heeltyd senuweeagtiger geraak, en sy sou nog 'n dingetjie optel, en sê: "Kyk hierna, Skat," harder, en die seuntjie het net gestaar.

29 Uiteindelik, het sy na 'n sekere toonbank toe gegaan en 'n klein snuistery gekry wat 'n geraas gemaak het, en sy het dit geratel. En sy het gesê: "Kyk hier, Skat," en die seuntjie het net gestaar. En sy het uitgeput vooroor geval op die toonbank, en gehuil.

En party van die mense wat haar opgelet het, het na haar toe gehardloop en gesê: "Wat makeer, mevrou?"

30 Sy het aanhou sê: "O, nee, nee!" Gesê: "Die dokter het vir my gesê hy was beter, maar hy is nie." Gesê: "Jy sien, hy's 'n klein seuntjie, hy behoort geïnteresseerd te wees in dinge wat op klein seuntjies betrekking het." Maar gesê: "Hy het 'n aanval oor hom gekry nie lank gelede nie, en hy sit net en staar, en hy wil nie enige aandag skenk aan dinge waarna klein seuntjies behoort te kyk nie." Gesê: "Sy verstand is verlam vir die dinge waarna hy behoort te kyk."

31 En ek wonder net of dit nie die toestand is van die Pinksterkerk, en al die ander kerke vanaand nie. God het elke klein gawe, Oral Roberts, Billy Grahams, en Jack Coes geskud, en elke gawe wat daar in die boek is, is voor hulle geskud, en hulle sit oënskynlik net en staar, geestelik verlam geraak: "O, wel, dit was alles reg. O, ek weet dit kan gebeur." O, kan julle besef dat dit God is wat julle aandag probeer trek? Ons word geestelik verlam.

32 Nou, die vraag is: As Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid . . . En ek besef dat daar manne is wat hier aan my regterkant sit, en rondom in hierdie groepie mense vanaand, wat beter toegerus is om hierdie te verduidelik as ek, maar vestig my aandag daarop as ek van die Woord afgaan.

33 As die Skrif sê Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, dan moet Hy dieselfde wees, of die Skrif is verkeerd. En as die Skrif verkeerd is, waar is ons, in watter toestand is die hele wêreld vanaand? En onthou Jesus het gesê: "Die Skrifte kan nie verbreek word nie." Dit kom uit die mond van Christus, die Seun van God. "Die Skrifte kan nie verbreek word nie." En as die Skrif sê Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, moet Hy dieselfde wees, of die Skrifte is verkeerd.

34 Nou, kom ons bring God net na Sy Woord. As God nie Sy Woord hou nie, dan is Hy nie God nie; en as Hy wel Sy Woord hou, behoort ons die gelukkigste mense op aarde te wees, want God hou Sy Woord.

35 Nou onthou, ons is eindig, ons verstand is eindig, God is oneindig, en oneindig is volmaak. God het die einde van die begin af geken.

36 Dan sou jy sê: "Waarom sou Hy siekte toelaat?"

37 Ek sal vir julle 'n vraag vra: Wat was eerste, 'n Verlosser, of 'n sondaar? 'n Verlosser. Wat was eerste, 'n Geneser, of 'n siekte? God het dit toegelaat dat Hy Sy liefde en krag aan die menslike ras kon projekteer.

38 Wel, wanneer ons in die Teenwoordigheid van die Here Jesus ingebring word by Sy Koms, sal daar 'n miljoen engele rondom die aarde staan met geboë hoofde, en luister na die Kerk wat die liedere van verlossing sing, sonder om te weet waarvan ons praat. Hulle was nog nooit verlore nie, hulle weet nie wat dit beteken om verlore te gaan nie, ek en jy weet wat dit beteken. Hulle was nog nooit siek nie, hulle weet nie hoe om te juig oor genesing nie, hulle het geen genesing nodig nie. As daar nooit enige boosheid was nie, sou daar nooit enige goed gewees het om. . . As daar nooit enige nag was nie, sou hulle nooit niks behalwe dag geken het nie. Sien julle die wet van kontras? Dit moet so wees.

39 So God, wanneer Hy op die toneel geroep word om 'n besluit te neem vir 'n sekere ding, moenie hierdie mis nie, en die manier wat God opgetree het toe Hy geroep is na 'n sekere krisis toe, moet Hy vir altyd op dieselfde manier optree wanneer dieselfde krisis ontstaan.

40 As 'n mens 'n sondaar was en God aangeroep het om Hom te red, en God het hom gered, is Hy verplig om Sy Woord te hou aan elke sondaar wat Hom aanroep, of as Hy nie het nie, het Hy verkeerd gedoen toe Hy die eerste een gered het.

41 Sien, ek kan 'n fout maak, jy kan 'n fout maak, maar God kan nie 'n fout maak nie, as Hy dit doen, dan is Hy nie God nie, is Hy—is Hy eindig soos ek is, soos jy is. Maar Hy—Sy eerste besluit. . . Sien, ons word slimmer, ons is veronderstel om te, elke geslag. Jou oupa het 'n ossewa gehad, jou pa het 'n T-Model gehad, en vandag het hulle 'n straalvliegtuig. Maar julle sien, elke geslag word swakker en wyser. Maar God was oneindig om mee te begin, Hy was oneindig, Hy kan nie verander nie, so wanneer God 'n besluit maak oor enige sekere ding, as daardie selfde krisis ontstaan, moet Hy dieselfde ding doen, of Hy het verkeerd opgetree toe Hy die eerste keer opgetree het. Nou hou dit in gedagte.

42 En nou, as Jesus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en die manier waarop Hy Homself geopenbaar het toe

Hy hier op aarde was, en Hy is dieselfde, moet Hy op dieselfde manier optree, of Hy het verkeerd opgetree met die Jode.

43 Nou onthou, Jesus is nie na die Heidene toe gestuur nie, of niemand van Sy Kerk is na die Heidene toe gestuur nie, Hy is na die Jode toe gestuur. "Hy het na Sy Eie toe gekom, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie." Toe Hy Sy dissipels gestuur het, gesê: "Moenie na die Heidene toe gaan nie, maar gaan liewer na die verlore skape van Israel." Is dit reg? Hy is na die Jode toe gestuur.

44 So die manier waarop Hy Homself aan die Jode verklaar het om die Messias te wees in hulle dag, Hy moet dieselfde doen vir die Heidene, of Hy het verkeerd opgetree toe Hy Homself aan die Jode verklaar het in daardie dag.

45 Daar's net drie nasionaliteite van mense, dis Jood, Heiden, en Samaritaan, wat Gam, Sem, en Jafet se mense is, hulle moet van daardie drie af kom, want almal was vernietig in die sondvloed vernietiging.

46 So, as julle vir Petrus oplet, met die sleutels: Pinkster, Samaritane; Handelinge 10:49 vir die Heidene, toe was die Heilige Gees oop vir al die rasse van mense. Let op, hy is nooit weer geroep met die sleutels tot die Koninkryk nie.

47 Nou, dan wanneer . . . As daar is . . . Ek sou vir julle Metodiste sê: Glo julle dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid?

Jy sou sê: "Sekerlik."

Aan julle Baptiste?

"Sekerlik."

Julle Pinksters?

"Sekerlik."

48 Maar nou, die manier wat ons Hom dieselfde probeer maak, die manier wat die Metodiste Hom dieselfde probeer maak, die Baptiste, dieselfde, die Pinksters, dieselfde om dit te maak . . . Laat ons teruggaan en, om regverdig daarin te wees, laat ons teruggaan en sien, volgens die Bybel, hoe Hy was, en dan as Hy nie dieselfde is as wat Hy in die Bybel was nie, dan is Hy nie dieselfde nie. Nou, as Hy nie dieselfde is in beginsel, dieselfde in krag, dieselfde in manifestasie, elke manier wat Hy toe was nie, is Hy nie dieselfde nie.

49 Nou, as ons probeer sê Hy's dieselfde omdat Hy mense bymekaar maak, wel, het die Mohammedane ons, drie teen een geklop.

50 En julle sê: "Wel, ons is bly en het vreugde deur dit te weet."

Die Mohammedane kan net soveel sielkunde voortbring as enige Pinkster wat ooit gelewe het.

51 Julle moes gehoor het wat Morris Reidhead daarvan gesê het toe daardie Mohammedaan sy geleerdheid gehad het en teruggegaan het. Gesê: "Waarom neem jy nie 'n herrese Jesus

saam met jou en in plaas van 'n dooie profeet, Mohammed, nie." Ek was by Mohammed se graf, Hulle het 'n wit perd wat elke vier uur omgeruil word, en hulle is al vir tweeduisend jaar daar, met verwagting dat Mohammed uit die dood sou opstaan.

52 Boeddha het drie-en-twintighonderd jaar gelede in Japan gesterf. En hy was. . . Dis die tweede grootste. Christendom, Katoliek, en Protestant, almal saam, is omtrent derde of vierde af in die ry.

53 Wat is die probleem? Is omdat ons nagelaat het om te doen wat Jesus ons beveel het om te doen. Ons het organisasies gaan maak, kerke gebou, skole gebou. Hy het gesê: "Verkondig die Evangelie." Die Evangelie organiseer nie kerke, bou skole nie, hulle is goed, maar die verkondiging van die Evangelie. . . Die Bybel het gesê: "Die Evangelie het na ons toe gekom," het Paulus gesê: "nie net in Woord nie, maar deur krag, demonstrasies, manifestasies van die Heilige Gees. Gaan manifesteer die Heilige Gees aan die hele wêreld."

54 Toe Hy hier op aarde was, het Hy gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Nou, is dit reg of verkeerd? Hy het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." Nou, die wynstok dra nie vrugte nie, die loot dra vrugte. Hoeveel weet dit? Steek julle hand op. Julle weet beslis. Waar kry dit sy lewe? Van die wynstok af.

55 Nou, hier nie lank gelede nie, het ek dit bespreek: As ek na 'n wingerdstok toe sou gaan, verwag ek om druiwe te kry; as ek na 'n pampoenrank toe gegaan het, sou ek verwag om pampoene te kry; as ek na 'n perskeboom toe gegaan het, kry jy perskes; as jy na 'n waatlemoenrank toe gaan, kry jy waatlemoene. Maar wanneer jy kerk toe gaan, wat vind jy? 'n Klomp stryery, besprekings, en baklei, en stry, en organiseer, en verenigings. Ons het Christus weer terug in die kerk nodig in die volheid en die krag van Sy Lewe! Ons vind alles, byna, behalwe Christus, dis waar ons verkeerd is. Ons is die wynstok, en as ons Sy Gees in ons het, sal Dit Hom manifesteer, sekerlik, Dit sal.

56 Nou, toe Hy hier op aarde was, het Hy gesê: "Ek doen niks, tensy die Vader My eers wys wat om te doen nie." Hoeveel weet dit? Johannes 5:19. Hy het afgegaan na die bad van Betésda, Hy het 'n man gevind wat op 'n draagbaar lê, Hy het rondgekyk. Nou, julle suiderlinge weet wat 'n palet is, ek kan dit bo in die Noorde sê, en hulle weet nie waarvan ek praat nie. Maar 'n palet, ek is grootgemaak op een. So, jy. . . Dis net 'n ou dekentjie wat onder by die deur lê.

57 En so toe, toe ons hierdie man opgelet het wat op 'n draagbaar lê, het Jesus rondgegaan tot Hy hom gevind het, en Hy het hom genees, en weggestap en menigtes van verlamdes, blindes, kreupeles, en verdordes gelos wat daar gelê het; die Skrif

sê Hy het. Blind, doof, kreupel, verlam, water-kop babas, Hy het reg rondom elkeen van hulle gemik, totdat Hy hierdie sekere man gevind het wat daar lê. Hy kon loop, hy het waarskynlik prostaatprobleme gehad, of iets, dit was vertraag, hy het dit vir agt-en-dertig jaar gehad. Hy kon loop, hy het gesê: "Wanneer ek afkom, loop daar iemand voor my in."

58 Jesus het gesê: "Neem jou bed op." Nou kyk, Hy het gesê Hy het geweet hy was hierdie hele tyd in daardie toestand.

59 Nou, toe Jesus ondervra is by die Sanhedrin, nou kyk, miskien was dit dit: "Waarom dra hierdie man sy bed op die Sabbat? Waarom het jy nie sommige van die res van hulle genees nie? Ons het 'n hele klomp van hulle hieronder. Waarom genees U hulle nie?"

60 Luister na Sy Woorde, by . . . Nou, Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar," wat *absoluut* beteken: "Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Nou, Johannes 5:19. Nou, as die Skrifte nie verbreek kan word nie, as Jesus enigiets gedoen het sonder dat die Vader Hom eers gesê het wat om te doen, het Hy iets verkeerd daar gesê. "Die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy *sien*," nie hoor nie: "wat Hy die Vader *sien* doen, dit doen die Seun ook net so." Met ander woorde, Hy het dit in drama uitgespeel. Daar was nog nooit 'n profeet, daar was nooit 'n man in die Skrif wat ooit dinge lukraak gedoen het, eers nie, dit was visioen.

61 Iemand het nie lank gelede nie gesê: "Roep vuur af, of *so-iets* soos Elía het."

Ek het gesê: "Eerstens, God het vir Elía gewys."

"O, nee," het die man gesê: "Hy het nie."

62 Ek het gesê: "Elía het daardie stokke en dinge in orde gelê, en hy het gesê: 'Here, ek het dit alles op U bevel gedoen.'" Altyd, geen mens, daar was nog nooit 'n mens, selfs tot die Seun van die mens, die Seun van God, wat ooit in Homself kon sê dat Hy enigiets buite God gedoen het nie.

63 En as 'n man vir jou sê hy kan jou genees, in watter posisie plaas hy homself, wanneer selfs die Seun van God gesê het Hy het nie mense genees nie? "Dis nie Ek wat die werke doen nie, Dis my Vader wat in My woon, Hy doen die werke. En Ek doen niks totdat Hy My eers wys wat om te doen nie." Dit was Jesus gister, dis Jesus vandag.

64 Nou, kom ons volg Hom net 'n bietjie en kyk wat Hy sou doen. Ons het uit Johannes die—die 12de hoofstuk gelees. Kom ons blaai nou terug, hierdie hongerhartige Grieke . . . Kom ons gaan terug na die 1ste hoofstuk en lees net Sy lewe.

65 En nou, as ons kan vind wat Hy gister gedoen het, as Hy dieselfde sal doen vandag, en ons Hom dit te laat sien doen net

hier voor ons almal, sal ons almal gelukkig wees daaroor, sal ons nie, en weet dat Hy steeds lewe?

66 Nou, onthou, laat ek dit aanhaal voor ek teruggaan: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie," (Nou, daardie woord daar is *kosmos*, wat beteken "die wêreldorde.") "die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien," dis die gelowige: "want Ek sal met julle wees tot aan die einde van die eeu," die einde van die wêreld.

67 Nou, die wêreld sal nie sien nie, maak nie saak. . . daar's mense gebore, ons haat dit om dit te sê, daar's mense wat gebore is tot Ewige vernietiging, die Skrif sê so. Romeine 8 het gesê: "Voor Esau of Jakob ooit gebore is, of uit hulle moeder se skoot gekom het, het God gesê: 'Ek haat Esau en het Jakob lief,'" voor enige kind 'n kans gehad het. God het deur, nie voorbestemming, deur Sy wil nie, maar deur Sy voorkennis het Hy geweet dat Esau 'n bedrieër was om mee te begin. Verskoon daardie uitdrukking, maar dit beteken net "'n afvallige." So dis wat hy was, en God het dit deur voorkennis geweet. En party mense, maak nie saak wat jy sou doen nie, hulle sal dit steeds nie glo nie. Maar God is regverdig, Hy hou Sy Woord.

68 Hulle het nooit vir Elisa geken nie, of hulle sou nie daardie kindertjies agter hom, of, Elisa, aangestuur het, wat gesê het: "Ou kaalkop, hoekom het jy nie opgegaan nie?" En Elisa het omgedraai en daardie kinders vervloek; twee wyfie-bere het twee-en-veertig kinders doodgemaak.

69 Hulle het nie vir Johannes die Doper geken nie, selfs Sy dissipels het hom nie geken tot nadat hy onthoof is nie. Hulle het vir die Jesus gesê: "Waarom sê die skrifgeleerdes dat Elía eers moet kom?"

70 Jesus het gesê: "Hy het alreeds gekom en julle het hom nie geken nie." Niemand het geweet, maar net skaars 'n paar, dat Jesus die Seun van God was, tot Sy dood, begrafnis, en opstanding nie.

71 Sê, julle Katolieke, julle sê Sint Patrick, het julle ooit sy werklike geskiedenis gelees? Hy was omtrent net soveel Katoliek as wat ek is, hy het teen die Katolieke kerk geprotesteer, en hy het wonderwerke gedoen. Maar nadat hy dood was, het julle hom herken as 'n heilige.

72 Wat van Sint Francis van Assisi, 'n wandelende prediker met 'n Bybel onder sy arm, wat die voëls laat stilbly het terwyl hy gepreek het? Julle het hom nie toe herken nie, maar julle het later nadat hy dood was.

73 Wat van julle skoolkinders, Johanna van Arkel, julle Katolieke mense? Daardie geestelike vrou, wat visioene gesien het en gevul was met die Gees, en jy het haar op die brandstapel verbrand as 'n heks, as 'n Beëlsebub, soos haar Here doodgemaak is. Julle, die Katolieke kerk, het dit gedoen. Maar omtrent 'n

honderd jaar later, het julle uitgevind sy was 'n heilige, natuurlik het julle baie bekering gedoen, julle het die dooie liggame van daardie priesters opgegrawe en hulle in die rivier gegooi. Nou het julle haar heilig verklaar as 'n heilige.

74 God verklaar Homself in elke eeu, en Hy moet Homself vanaand verklaar, of Hy is nie God van die ander eeu nie. En die mense moet dit verwerp, soos hulle destyds het, Sy diensknegte sal moet ly soos hulle het; dit moet die Skrifte vervul.

75 Nou let goed op, soos ons voortgaan. Wat was Hy gister? Blaai terug na Johannes 1 en lees. Ons vind onmiddellik nadat Hy gesalf is met die Heilige Gees, het Heilige Gees in Hom ingekom, Hy het rondgegaan, Sy dissipels begin versamel. En een het bekeer en het sy broer gaan kry, sy naam was Andréas, en Hy het vir Simon, sy broer, 'n ou, onkundige visserman, gaan kry. Hy was so ongeletterd dat hy nie sy eie naam kon skryf nie.

76 Wat het jou skoolopleiding, en opvoeding, en Bybelkollege, en dinge te doen, as God 'n man soos daardie geneem het wat nie sy naam kon skryf nie? Ek verkleineer hulle nie, maar julle plaas te veel klem op hulle, kry julle prediker uit een of ander kweekskool. Moenie 'n kweekskool ondervinding neem nie, dit verg God se ondervinding van agter in die woestyn. God neem iets wat nie is nie, en maak iets daaruit, om te wys dat Hy is.

77 Hierdie ou visserman kon nie eens sy eie naam teken nie, so ongeletterd. En Andréas het hom gevind, en gesê: "Kom kyk, ons het die Messias gevind," Johannes 1. En sodra, hou Jesus gister dop, en sodra hy in die Teenwoordigheid van Jesus ingekom het, het Jesus gesê: "Jou naam is Simon, en jou vader se naam is Jona."

78 Wat dink julle het daardie onkundige, ongeleerde visserman gedink? Hy het dit glad nie bevraagteken nie. Hy het geweet dat hy in die Teenwoordigheid van die Messias was. En hy het die sleutels tot die Koninkryk gekry, 'n man wat nie sy naam kon teken nie.

79 Die volgende dag, was daar een bekeer met die naam van Filippus, Jesus gister, kyk wat Hy gedoen het, en sodra Filippus bekeer is, het hy om die berg gegaan om 'n vriend van hom te vind met die naam van Natánael. En hy . . . Kom ons dramatiseer dit net, daar's klein kindertjies hier. En ek sien Filippus rondom gaan, haastig, en hy kom by die huis en klop aan die deur. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] En die dame kom na die deur toe, en hy sê: "Waar is—waar is Natánael?"

80 "O, hy het net, Filippus, hy het net uitgegaan in die boord om te bid."

81 En daar in die boord het Filippus ingegaan, net so vinnig as wat hy kon, om Natánael te vind. En toe hy Natánael vind, natuurlik was Filippus 'n Christenheer, was hy op sy knieë aan die bid, hy het gewag tot hy klaar was en opgestaan het, sy klere

afgevee het. En hy, ek kan hom hoor sê: "Goeiemôre, Filippus. Ek is so bly om jou weer te sien."

82 Let op, voor Filippus enigiets gesê het, het hy gesê: "Kom, kyk vir Wie ons gevind het!" As die kerk soveel geïnteresseerd sou wees om Christus by die mense te kry, in plaas van soveel sosiale skinderpraatjies en aanganery, te praat oor *hierdie* geloofsbelydenis en *daardie* geloofsbelydenis! Hy het nooit eens tyd geneem om met hom te praat nie, hy het iets belangriker gehad, hy het gesê: "Kom, kyk vir Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef!"

83 Nou, Natánael was 'n ortodokse, stoere gelowige. En ek kan hom hoor sê: "Nou, net 'n oomblik, Filippus. Ek ken jou as 'n eerbare man, 'n man van integriteit, ek—ek glo dat jy 'n regverdige man is. Jy moes iewers aan die diep kant afgegaan het." Almal wat Jesus regtig vind, die wêreld dink hulle het aan die diep kant gegaan. "Jy moes afgegaan het in een of ander soort *isme*. Het jy gesê dat hierdie Messias waarvan jy praat, uit Násaret kom?" Dis erger as Dallas.

84 Gesê: "Wel, wil jy sê dat Dit daar kan uitkom? Wel dis onmoontlik! Nou kyk hier, kêrel, as daardie Messias sou kom, sou Hy na Jerusalem toe kom, Hy sou kom na Kajafas die hoëpriester, en al die res van die priesters, Hy sou Homself bekend maak Hy was Messias."

85 Julle Katolieke dink as Hy sou kom, sou Hy na die Pous toe gaan; julle Presbiteriane sou dink Hy sou na die biskop toe gaan; julle Pinksters dink Hy sou na die staatspresbiter toe gaan, maar God gaan na wie toe Hy wil en doen wat Hy wil, en dis niemand anders se besigheid nie. Hy werk op geheimsinnige maniere, Hy gaan waar dit Hom behaag om te gaan. So die pot kan nie die ketel swart noem nie, onthou dit. God bewerk Sy Eie weg, en Hy doen wat Hy ook al wil doen.

86 En Hy het gesê: "Jy bedoel Hy sou na Jerusalem toe gaan."

87 Dis wat hulle vanaand dink: "As daar enige genesingskrag kan wees, as daar enige manifestasie kan wees, dit sou deur *my* denominasie moes kom."

88 God kul hulle soveel keer. Sien? Hy het dit altyd gedoen, en Hy sal altyd. Hy verander nie, Hy moet dieselfde bly. Sê my van een keer wat Hy ooit na 'n denominasie toe gekom het. Noem in die Skrif, enige plek in die—in die eeu, waar God ooit met 'n denominasie gehandel het.

89 Daar was 'n sekere man wat daardie denominasie gestig het waarmee Hy gewerk het, maar die denominasie het na sade toe gegaan, en toe hy het, het Hy haar op die rak gesit en nie een het ooit opgestaan vandat Hy dit op die rak gesit het nie. Die Vuurkolom beweeg aan en God beweeg Daarmee saam, en iemand sien dit en gaan aan.

90 Martin Luther het Dit gevind, hy het gesê: "Die regverdige sal deur die geloof lewe." Maar wat het hy gedoen? 'n Organisasie daaronder gebou. God is nie in organisasies nie, so Hy het net uitbeweeg, en toe Hy het, is Luther gelos by sy organisasie.

91 En toe het John Wesley dit gesien, en daar het hy gegaan, heiligmaking, tweede definitiewe werk van genade. En die eerste ding, het hy homself georganiseer, die Metodiste gemaak, God het net reguit uitbeweeg.

92 Die Pinksters het dit gesien in die doop van die Heilige Gees, maar nou is julle so streng georganiseer, God beweeg net reguit uit en verlaat julle. Dis reg. God is nie gebind aan enige denominasie of enige grens nie, Hy's net pligsgebonde aan Sy Woord, dis al. En Hy doen dit, en Hy hou Sy Woord, Hy moet dit doen.

93 Nou, julle sê: "Broer Branham, jy beveg organisasie."

94 Wie dit dink lees nie my—my gedagtes nie. Ek doen dit nie, ek dink daar's groot en glorieryke manne in elke organisasie, maar wanneer jy dink dat jy die enigste klippie op die strand is, is jy verkeerd. Dis reg. Julle Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Lutherane, Pinkster, Gemeentes van God, Kerk van God, wat julle ook al is, julle het groot manne in elkeen van hulle, julle het groot mense in hulle, maar julle moet nooit die idee kry dat julle nie met die ander een gemeenskap gaan hou, en so bly nie, julle sal dit nooit doen nie. God het Sy hele Kerk lief, die hele Liggaam van Christus, en dis waar Hy werk.

95 Let hom nou op, en Natánael was heel omgekrap daaroor, en hy het gesê: "Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

Ek dink Filippus het hom die beste antwoord gegee wat gegee kon word, gesê: "Kom, kyk."

"Wel, my kerk werk nie saam nie."

"Dit maak nie saak nie, kom kyk, in elk geval!"

96 En as God met jou werk, is daar nie genoeg in die wêreld om jou weg te hou van Christus af nie. Daar is niks wat jou van Hom sal weerhou nie. "As Ek verhoog word, sal Ek almal na My toe trek." Dis wat Hy gesê het.

97 En let nou op, gesê: "Kom kyk."

98 Nou, kom ons hou hulle dop soos hulle rondom gaan. Dit was vyftien myl om die berg, het hulle 'n dagreis in elke rigting geneem. En so op die pad terug, kon ek Filippus hoor sê: "Weet jy waarom ons weet hierdie is die Messias? Onthou jy die keer wat jy daardie vis gekoop het daaronder by die ou kêrel met die naam van Simon?"

"O, ja, daardie ou, onkundige visserman wat nie my kwitansie kon teken nie?"

99 "Ja. Wel, jy weet, sodra daardie ou, onkundige visserman opgekom het in die Teenwoordigheid van hierdie Messias, het Hy vir hom gesê: 'Jou naam is Simon, en jou vader se naam is Jona.' Dit sou my nie verbaas, Natánael, dat wanneer jy in Sy Teenwoordigheid kom, Hy jou nie ook sou sê wie jy is nie. Hy weet oënskynlik, onderskei die gees van mense, Hy weet wat binne-in mense is, Hy weet wat fout is met mense."

100 En soos hulle nadergestap het, het Jesus in Sy gewone prosedure, miskien in die gebedsry gestaan, en toe, toe Filippus in die gemeente ingekom het en hom na die diens toe gebring het daardie aand, of dag, wanneer dit ook al was, opgestap in die Teenwoordigheid, die eerste keer wat hy ooit vir Jesus gesien het, hou Jesus gister dop, het Jesus gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

101 "Wel," sê julle: "hy was aangetrek . . . "

102 Nee, nee, hy kon 'n Arabier gewees het, hy kon 'n Griek gewees het, hulle trek almal dieselfde aan, het tulbande en lang klere gedra, klede, hulle is donker gelaat mense, hy kon Arabier gewees het, of kon baie nasionaliteite gewees het.

103 Maar Hy het gesê: "Jy's 'n Israeliet, en 'n regverdige, eerlike man, in wie daar geen bedrog is nie."

Wel, dit het daardie Jood se voete so onder hom uitgeslaan, dat hy gesê het: "Rabbi," leraar: "wanneer het U my ooit gesien? Wanneer het U my geken?"

En Jesus het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, het Ek jou gesien toe jy onder die boom was."

104 Dit was Jesus gister, dis hoe Hy Homself voor die Jood gemanifesteer het. Vind enige ander Skrif waar Hy Homself ooit op enige ander manier bekend gemaak het, behalwe daardie manier, dis die enigste manier wat Hy het.

105 Nou kyk, daar's die uitdrukking van die ware Jood. Wat het hierdie ware Jood gesê, oor wie die wonderwerk gedoen is? Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

Jesus het gesê: "Omdat Ek dit vir jou gesê het, glo jy my? Jy sal groter dinge as hierdie sien."

106 Maar daar was diegene wat daar gestaan het, baie heilig, ortodoks, stoer, D.D.D., Ph., dubbel L.D., wat almal daar gestaan het, en weet julle wat het hulle gesê? Hulle moes dit iets brandmerk, maar hulle oë was verblind, het die Bybel gesê, daarvoor.

107 Nou, daar's wat die regte egte Jood gesê het, Natánael het die ware gelowige verteenwoordig, Jesus het hom herken as 'n gelowige. En toe Jesus vir hom gesê het waar hy was voor hy na die diens toe gekom het, het hy geweet dit was die teken van die Messias. As dit gister die teken van Messias was, is dit die teken

van die Messias vandag. Hy moet Homself op dieselfde manier uitdruk as Hy die Messias, dieselfde Messias is.

108 Daardie Jode het daar gestaan, gesê: "Hierdie man is 'n fortuinverteller, 'n Beëlsebub." Beëlsebub is die prins van die duiwels, wat 'n fortuinverteller is; ons weet almal dat fortuinvertellery van die duiwel is. So hy het gesê: "Hierdie man vertel hierdie dinge deur Beëlsebub."

109 Nou luister na wat Jesus gesê het, hier's Sy uitdrukking, Christenvriend, en sondaarvriend, ook: "Ek vergewe julle daarvoor, maar," in soveel woorde: "eendag sal die Heilige Gees kom en dieselfde ding doen; en wie ook al een woord Daarteen spreek, sal nooit vergewe word, in hierdie wêreld, of in die wêreld wat sal kom nie."

110 Het Hy dit gesê? In watter soort plek plaas dit ons dan? Een woord Daarteen! Want die Heilige Gees is hier tweeduisend jaar om Homself te manifesteer, *hier* is Sy geskrewe Skrif wat daarop betrekking het.

111 Daardie dae moes hulle dit weet deur openbaring, vandag weet julle dit deur die Woord *en* die Gees. "Die Vader soek diegene wat in Gees en in waarheid sal aanbid." Sien? Goed. Hier is ons.

112 Nou, daardie Jode, ons weet wat met hulle gebeur het. Maar die ware gelowige. . . Kom ons volg Hom 'n bietjie verder, kom ons blaai oor na Johannes, 4de hoofstuk, net nou; ons is Johannes 1, Johannes 3, Johannes 4, en Johannes 5. Nou, net regdeur die Skrif, neem net Sy lewe, die manier waarop Hy—Hy dit gelewe het en wat Hy gedoen het, kom ons volg Hom.

113 Nou, daar was drie klasse mense, wat Jood, Heiden, en Samaritaan was. Hy is verbied tot die Heiden; nie een keer het Hy dit ooit voor 'n Heiden gedoen nie. Hoekom? Ons was heidene van daardie dae, ons het afgode aanbid, die Anglo-Sakse het.

114 Let op, luister nou mooi, sodat julle dit nie sal mis nie, hierdie is SO SPREEK DIE HERE. Jesus moes, op Sy reis, na Samaria toe gaan, en Hy het gaan sit by die put, wat 'n panoramatjie is, iets soos hierdie wat hier sou wees en daar's rankplante daaroor. Almal van julle wat al daar was, het al die put gesien, die put van Samaria; hulle het dit in al die oosterse lande. En die ranke groei daaroor, en daar's 'n put waar die, dis 'n openbare put waar die mense van die stad kom om water te kry.

115 Wel, dit was omtrent middaguur en Hy het Sy dissipels ingestuur om kos te koop. Terwyl hulle daarbinne was, wel, het daar 'n vrou uitgekom, kom ons sê sy was 'n pragtige vrou, mooi. Ons ken haar as 'n prostituut, dis 'n ontugtige vrou. Miskien het sy heeldag geslaap, was heelnag uit om rond te loop, of miskien kon sy nie uitkom waar die ordentlike vroue was nie, sy moes daardie tyd uitkom om die water te kry. En die water, hulle het

'n slinger om 'n pot te laat sak, en dit het 'n—'n handvatsel oor hierdie kruik, pot, hulle laat dit sak en kry water.

116 Ek het hulle sien neem en een groot, vyf-gelling kruik bo-op hulle kop sit, een op elke heup, reg in die straat afloop, hulle kop knik, praat soos vroue maar kan, julle weet, en nooit 'n druppel mors nie, geloop met 'n pot aan elke kant, vyftien gelling water, reguit aangestap, en praat.

117 Wel, hierdie vrou het uitgekom om vir haar 'n emmer water te kry. En net soos sy die hakies om die—die pothandvatsel gesit het, en sy begin die slinger neerlaat, het daar 'n Stem gespreek en gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink." En sy het gekyk, en sy het 'n Jood daar oorkant sien sit, 'n middeljarige Jood.

118 Hy was net drie-en-dertig, maar die Bybel het gesê Hy gelyk soos vyftig. "Is U ouer as Abraham, terwyl U 'n man is, nie ouer as vyftig jaar nie, "Johannes 6, "en sê dat U vir Abraham gesien het?" Sien?

119 Nou, Hy het gesê. . . Daar het 'n middeljarige Jood gesit. En hierdie vrou, wat 'n Samaritaan was, goed geleer, sy het ook in God geglo, sy het gesê: "Dis nie gebruiklik nie, ons het 'n segregasie dat ons Samaritane en Jode geen gemeenskap met mekaar het nie, ons het niks—niks met mekaar te doen nie."

Hy het gesê: "Vrou, as jy geweet het Wie met jou praat, sou jy vir My water gevra het om te drink. Ek sal vir jou water gee wat jy nie hiernatoe kom om te skep nie."

120 Sy het gesê: "Wil U sê dat U groter as ons vader is," sien: "Jakob?" Sy was 'n Israelitiese gelowige. "Wil U sê dat U groter is as ons vader Jakob, wat die put gegrawe het, self daaruit gedrink het, en sy beeste en kinders het daaruit gedrink?"

121 En die gesprek het voortgegaan. Wat het Jesus gedoen? Haar gees gekontak. Sien? Hou Hom dop. Uiteindelik, begin vra oor aanbidding in Jerusalem, of in hierdie berg. Hy het gesê: "Die tyd kom wanneer God sal. . . wat hulle nie in hierdie berg, of by Jerusalem sal aanbid nie, maar in Gees en waarheid." Toe Hy gevind het waar haar probleem was. . . Hoeveel weet wat haar probleem was voor ek dit sê? Sy het in owerspel gelewe. Hy het haar probleem gevind, en luister na Hom, Hy het gesê: "Gaan, haal jou man en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Meneer, ek het nie 'n man nie."

Hy het gesê: "Jy het reg gesê, want jy het vyf gehad; en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie. Daarom, jy het reg gesê."

122 Nou, wat het sy gesê? "Sê, u is Beëlsebub, u is 'n fortuinverteller, u het verstandstelepatie." Nee, meneer. Sy het van beter geweet. Sy het meer van God af geweet as wat die helfte van die predikers in die Verenigde State weet, sy wat 'n prostituut is.

123 Luister wat sy gesê het, sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is." Nou, as julle daardie woord sal terugneem, sal julle uitvind dis "*die* Profeet" wat Moses gesê het: "die Here Julle God sal oprig soos wat Ek is." Hulle het gesoek na daardie teken.

124 So het Natánael, so het elke ware Jood daarvoor uitgekyk, maar die, al die groot organisasies en dinge, hulle het hulle gewildheid en hulle groot plekke gehad, en hulle het nie na soiets gesoek nie, dit was nie geestelik nie. Dis altyd die geestelike mense wat God sien, dis altyd die geestelike mense wat die geestelike dinge sien.

125 'n Kêrel het nie lank gelede nie gesê: "Ek glo nie in Goddelike genesing nie, ek gee nie om wat jy sê nie."

126 Ek het gesê: "Beslis nie, dit is nie na ongelowiges gestuur nie, dit was net vir hulle wat glo. Sekerlik. Dis net vir die gelowige. Natuurlik kan jy dit nie sien nie."

127 En sy het gesê: "Ek sien dat U 'n Profeet is. Ons," Samaritane: "ons weet, ons word geleer, ons glo, dis aan ons geopenbaar, ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy vir ons hierdie dinge sal vertel, maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

Sy het haar waterpot laat val, sy het in die stad ingegaan en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?"

128 Sy het meer van God af geweet as wat, sê ek weer, die predikers weet, sy het geweet dit was die teken van die Messias. Die geleerde, geskoolde mense van daardie dag het gesê: "Hy's Beëlsebub." Vandag sê hulle dis fortuinvertellery of duiwelbesetenheid, sonder om te weet dat hulle hulle Ewige bestemming verseël.

129 "Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel, maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy."

En sy het gesê: "Is Hierdie nie die einste Messias, die Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het nie?"

130 Nou, weet sy meer daarvan af as wat die predikers weet? Predikers sal kom en luister, en sê: "Ag, dis onsin."

131 Daardie vrou het dit gesien, en sy het gesê: "Dis die teken van die Messias." Het in die stad ingegaan en gesê: "Kom, sien hierdie Man."

132 En onthou, Hy het nie enige wonderwerke gedoen nie, Hy het hulle net direk vertel aan Wie Hy was, en dit was die teken dat Hy hulle laat weet het dat Hy Messias was, want Filippus het 'n bietjie later daarna afgegaan en die herlewing gehou en die siekes genees. Maar dit was Jesus gister, Hy moet dieselfde wees.

133 Nou onthou, Hy het dit nooit voor enige Heiden gedoen nie, Hy het dit net vir die Jood en Samaritaan gedoen. En die Samaritaan was 'n baster wat wel in Jehova geglo het, maar Heidene was ongelowiges. Maar die Bybel het gesê, die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat dit nie nag of donker . . . donker of Lig sal wees nie, maar in die aandtyd, sal dit Lig word."

134 Nou dieselfde Christus wat Sy krag en heerlikheid voortgebring het op die Ooste, en soos die son oos beweeg, wes . . . Dit was 'n donker dag, ons het organisasies gehad, ons het groot geleerdes gemaak, ons het mense om Jesus te bely as Christus, hulle is gered van hulle sondes, ensovoorts. Maar onthou, beskawing het saam met die son beweeg, beskawing het in die Ooste begin, dit het Weste toe gegaan, en nou het die Ooste en die Weste bymekaar gekom. Maar die profeet het gesê: "Dit sal Lig word in die aand."

135 Nou, dieselfde Jesus wat Homself bekend gemaak het aan die Jode en die Samaritane, wat uitgesien het na Hom om in daardie dag te kom, die Heidene het nie gesoek na Hom om te kom nie, want hulle was heidene, maar húlle het gesoek na Hom om te kom, en dis hoe Hy Homself gemanifesteer het, dan as Hy die Heidene in hierdie dag laat deurgaan met net hulle kerkorganisasies, en hulle groot skares, en hulle lidmate, ensovoorts, en al hulle teologie, dan het Hy verkeerd gedoen toe Hy Homself gemanifesteer het aan beide Jood en Samaritaan en nie dieselfde doen vir die Heiden nie.

136 By die afsluiting van hulle eeu, het Hy Homself so gemanifesteer, Hy moet dieselfde doen in die afsluiting van die Heidense tydperk, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy Homself destyds daar op daardie manier bekend gemaak het. Wat het Hy gesê? "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek," dis 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld. En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

137 Nog een Skrif wat ek vir julle wil aanhaal, daar was 'n dag toe 'n vrou, Hy het verby haar gegaan op pad na 'n—'n man se huis toe om sy dogtertjie te genees wat dood was, en daar was 'n vroutjie met 'n bloedvloeïng wat bo-op die heuwel gesit het, sy het gesê: "Ek glo Hy's 'n Heilige Man, as ek net Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." En sy het afgekom, en sy het deur die skare beweeg, totdat sy Sy kleed aangeraak het.

138 Nou die Palestynse kleed het 'n onderkleed gehad, en die buitekleed hang los, dis 'n kleed. Nou, ek sou nooit gevoel het as jy die soom aangeraak het nie, dit was die soom, jy die soom van my jas aanraak, voel ek dit nie fisies nie. En daardie groot, los kleed wat aan Hom hang, en aan die stert daarvan, die soom daarvan, Hy het dit nooit gevoel toe daardie vroutjie

daar deurgekruip en Sy kleed aangeraak het nie, het dit nooit fisies gevoel nie. En Hy het gestop, Hy het so gesê, en Hy het rondgekyk, Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

139 En Petrus het Hom bestraf. Nou, *bestraf* is om skerp te raak met Hom. Andersins iets soos: "Waarvan praat U, Here? 'Wie het U aangeraak?' Wel, kyk na hierdie hele skare wat u hand skud en u op die rug klop, 'Hallo Eerwaarde, Hoe gaan dit met U?' sovoorts. 'Wat gaan U vir ons doen?' 'Wie het U aangeraak?'" Wel, hy het Hom bestraf.

140 Maar wat het Jesus gesê? "Ek merk dat Ek swak geword het, daar het krag van my uitgegaan." *Deug* is krag. "Ek het gemerk dat Ek swak geword het." En Hy het rondgekyk, en die vroutjie het ver buite in die gehoor gestaan, en Hy het haar gevind, want dit was haar geloof. Sy was . . . Sy het aangeraak met 'n ander soort aanraking.

141 O, Dallas, Dallas, gebruik daardie aanraking. Moet Hom nie aanraak deur net te sê: "Ek—ek's Presbiteriaans. Ek's Metodis. Ek's Pinkster" nie, raak Hom aan met daardie aanraking dat Hy dit kan voel.

142 En Hy het omgedraai en Hy het gekyk, daar het elkeen van hulle daar gestaan, almal het dit ontken, maar Hy het rondgekyk totdat Hy die vroutjie gevind het wat buite in die gehoor sit, en Hy het vir haar haar probleem vertel en gesê: "Jou geloof het jou gered." Hy het nooit enige visioen gesien nie, maar haar geloof in Hom as die Seun van God, het die visioen uit Hom uitgetrek.

143 Julle sien, as dit Jesus gister was, het die Bybel gesê, nie die Ou Testament nie, die Nuwe, die Boek van Hebreërs, dat Hy net nou, 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg? Wel dan, as Hy die Hoëpriester is en Hy aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, dan as Hy nie op dieselfde manier optree as wat Hy gister het toe Hy opgetree het nie, hoe weet jy dit is dieselfde Hoëpriester? Dis skerp onderrigting, maar dis die Bybel.

144 O, jy mag op-en-af spring, sê: "Halleluja! Halleluja! Ek weet ek het Hom aangeraak." Julle mag dit gedoen het, dis goed. Maar as Hy dieselfde Hoëpriester is, sal Hy op dieselfde manier optree as wat Hy toe het. Hoe sal Hy dit doen? Deur julle, Sy lote, ons, Hy sal in ons beweeg en optree net soos Hy gister het, dieselfde ding, gister, vandag, en tot in ewigheid.

145 Nou, as Hy dan weggegaan het, en as Hy Homself dan aan die Jood en aan die Samaritaan verklaar het, diegene wat uitgesien het na Hom om in daardie eeu te kom, en dis hoe Hy toe opgetree het, dis hoe Hy Homself toe verklaar het, ondersoek die Skrifte en kyk of dit nie reg is nie.

146 En as die Heidene dan tweeduisend jaar van opleiding gehad het soos die Jode gehad het, tweeduisend jaar sedert die sondvloed vernietiging . . . Dinge gebeur in siklusse van

tweeduisend jaar: Eerste tweeduisend jaar, het Noag die ark gebou, vloed; tweede tweeduisend jaar, het Christus gekom; hierdie is die einde van die Heidene, nog tweeduisend jaar.

147 Nou, aan die einde van hierdie eeu moet Hy Homself dieselfde verklaar as wat Hy toe het, of Hy het verkeerd gedoen as Hy dit so verklaar het en hulle laat wegkom met net hulle groot, mooi kerke, en goeie geleerdes, en alles. As Hy nie terugkom dieselfde Jesus, en dieselfde ding doen nie, dan is Hy nie dieselfde Jesus nie; as Hy dit doen, is Hy dieselfde Jesus. Nou, is Hy of is Hy nie? Hoeveel glo dat Hy dieselfde is?

148 Verstaan julle waar ek hier staan? Dis 'n Goddelike gawe. Kyk, wat hier op hierdie draagbare, beddens, rolstoele lê. Wat as ek kon neem en by hierdie preekstoel staan vir ses maande, en nooit weggaan nie, en almal van ons wakker bly? Ek kon nie die dinge vertel wat ek die Here Jesus sien doen het onder die siekes en die beproefdes en sterwende mense nie. Kongreslid Upshaw, o, goeiste, ek kon dit net nie begin nie, oral!

149 Net 'n paar dae gelede, reg hierbo in Chicago, was daar 'n vrou wat buite in die gehoor gesit en bid het, 'n gekleurde vrou, en die Heilige Gees het omgedraai en vir haar gesê, gesê: "Dame, daaragter, jy het 'n sirrose van die lewer." Vir haar gesê wat haar naam was. Gesê: "Waarvoor jy bid, is jou suster in Little Rock, Arkansas, sy's in 'n inrigting vir kranksinniges, 'n waansinnige, wat haar kop teen die mure kap. Gesê: "Sy is al daar vir tien jaar, sedert die verandering van lewe, menopouse." En daardie vrou het amper flou geword. Toe het dit opgestaan, en gesê: SO SPREEK DIE HERE, sy het so pas tot haarself gekom.

150 Die volgende oggend het die matrone die vrou uit die hospitaal ontslaan as 'n gesonde pasiënt, die tweede aand het sy op die platvorm gestaan en getuig van die Here God wat in die kamer ingekom het.

151 Daar was 'n Sweedse vroutjie wat daarbo gesit het, wat vir my seun, Billy, gesê het: "Billy, gee vir my 'n gebedskaartjie." En Broer Osborn was daar die aand met sy—sy film, *Black Gold*, dink ek noem hy dit. En 'n vrou het later gesê sy het daardie arme vroutjie sien afgaan en in haar handsak ingaan om 'n —'n sendingoffer te gee. Nou, dit was nie wat die wonderwerk gedoen het nie, jy hoef nie een pennie te gee daarvoor, of niks anders nie, jy moet geloof hê in God. Dit is nie hoeveel jy op 'n kollektebordjie sit nie, dis hoeveel jy *hier* in jou hart het teenoor Hom, dis wat dit is.

152 So sy het afgegaan en hierdie geld uitgegee. En dis. . . En sy het gesê: "Billy, sal jy vir my 'n gebedskaartjie gee?"

153 Hy het gesê: "Suster, ek weet nie, ek sal kyk of Leo en Gene een het." My seuns, hulle het ook kaartjies uitgegee. So hy het gesê, teruggegaan, niemand van hulle het een gehad nie. En gesê: "Wel, suster, ontmoet my môre-aand hier, dan kry jy 'n kaartjie."

154 Gesê: "Dis alles reg, skat." Baie liefdevolle, ou vrou. En sy het teruggegaan in die—in die Lane Tech waar 'n paar duisend mense gesit het.

155 En daardie aand, terwyl ek daar gestaan het, het die Heilige Gees omgedraai en gesê: "Die vroutjie wat daar sit met die klein, katoenrokkie aan, sy bid vir haar man wat 'n verkeersleier op die spoorweg is, hy het 'n dowe oor, maar SO SPREEK DIE HERE, dit het nou net oopgegaan."

156 Sy het na haar horlosie gekyk. En toe sy by die huis kom, was haar man daar aan die skree en uitroep. Sy het gesê: "Skat, hoe laat het jou oor oopgegaan?" Gesê: "Ek het in my stoel gesit," net presies dieselfde minuut wat die Here gesê het om dit te doen. Dit was so, dit was nog altyd so, en dit sal altyd so wees. Dis dieselfde.

157 Hier, Billy, het jy jou notaboek? Hier, ek het dit nou hier. Net 'n paar dae gelede, hier's Broer . . . het Dr. Vayle hier, in 'n diens gesit, en 'n arme vroutjie, sy het 'n gebedskaartjie gekry, haar nommer is nie geroep nie, sy het agter aan die agterkant gesit, aan die huil omdat haar gebedskaartjie nie geroep is nie. Sy het aan een of ander soort epilepsie gely, hartprobleme en epilepsie, en sy het epilepsie en hartprobleme gehad. Haar foto is op die voorblad van die koerant, hulle het dit op televisie gegooi, oral, dwarsdeur die New England state, dit het op die Verenigde Pers gegaan. En daar was dit, 'n vroutjie wat daaragter sit.

158 Ek het gebid, die mense dopgehou, naderhand het ek daardie Lig sien rondbeweeg. Julle het die foto Daarvan gesien, het julle nie? Broer Gordon Lindsay en hulle was daaronder toe dit afgeneem is. Dit is afgeneem . . . Hier's 'n man van Duitsland, hier's net nou, was daar toe dit drie keer afgeneem is deur die Duitse kamera. Oorkant in Switserland, afgeneem deur die Switserse kamera. Wat is dit? Daardie selfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gevolg het. Glo julle dit?

159 Kyk, toe Hy hier op aarde was, hoeveel weet dat Dit die Vuurkolom was wat die kinders van Israel in die wildernis gevolg het, dat Dit Christus, die Engel van die verbond was? Goed. En hoeveel weet dat dit Jesus in Jesus was, daardie selfde Gees? Kyk, toe hulle Hom ondervra het, Johannes 6, vestig julle aandag daarop, hulle het gesê: "Jy sê jy's groter as Abraham?" En gesê dat: "Wel, jy's nog net vyftig jaar oud."

Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK."

160 EK IS was in die brandende bos. Is dit reg? 'n Vuurkolom. Toe Hy hier op aarde was, het Hy gesê: "Ek het van God af gekom, en Ek gaan na God toe." Het Hy dit gesê? En dan, as Hy van die Vuurkolom af gekom het, het Hy weer Daarnatoe teruggekeer.

161 Na Sy dood, begrafnis, en opstanding, was Paulus op sy pad af na Damaskus en groot, helder Lig het in sy gesig getref en hom verblind. Nie een van die res van hulle het Dit gesien nie,

Paulus het Dit gesien, Dit het hom verblind, hy het op die grond neergeval.

162 Wat is hierdie Vuurkolom, nou weer? "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

"Wie is U, Here?"

"Ek's Jesus." Is dit reg?

163 Toe Petrus in die tronk was, Wie was Dit wat daar ingekom het? Daardie Lig, het voor hom uit geloop, die deur oopgemaak. Dit was beslis. Hy het teruggekeer na die Vuurkolom. Dit was in daardie dag, hier is Hy dieselfde vandag. Hier's Sy foto, selfs geneem deur die meganiese oog van die kamera. Dit is nie sielkunde nie, dis die krag en die opstanding van die lewende Christus, Wat dieselfde bly van die Ou Testament, Nuwe Testament, en vandag net dieselfde.

164 Jy sê: "Broer Branham, kan ek daarop staatmaak?"

165 Die wynstok sal dieselfde vrugte voortbring. As dit die Heilige Gees was, daardie Vuurkolom in Christus wat Hom die gees laat onderskei het en dit laat doen het, as Hy in ons is vanaand, soos ons sê Hy is, sal Hy dieselfde doen, of Hy is nie dieselfde Christus nie.

166 Hier is Hy soos miljoene van die kerk dit weet, miljoene van die kerkmense weet dit, nou weet die wetenskaplike wêreld dit. Een hang in Washington, DC, in die Godsdienssaal van Kuns, die enigste bonatuurlike wese wat ooit in die hele wêreld gefotografeer is. George J. Lacy van die FBI, Vingerafdruk en Dokumente, hier in Houston, Texas, het dit ondersoek, dis reg, en sit sy eie . . . Julle het die skrywe daaroor gesien, op die boek. Dis waar. Ja, meneer. Die enigste . . .

167 En in Duitsland het hulle gesê hulle wou sien of hulle die foto kon neem. En hulle het daar gestaan, en ons was by 'n groot ontbyt waar daardie Neder Gereformeerde, en Lutheraanse, en allerhande soorte predikers was, en hulle het my ondervra, en hierdie Duitser het gesê: "Kan ek die foto's neem?" by Lausanne, een van daardie yslike groot Duitse kameras met 'n roller daarop.

168 Ek het gesê: "Hy mag dit dalk toelaat, meneer. Ek weet nie. Hy het twee of drie keer in Amerika." Ek het gesê: "Hy mag dit dalk doen, ek weet nie." So, en ek het gesê: "As Hy begin . . ."

Hy het gesê: "Kan ek die foto neem?"

Ek het gesê: "Dit is nie 'n flits nie?"

Hy het gesê: "Nee, meneer, dit is nie 'n flits nie, dis net 'n stil foto, dit hoef nie 'n flits te hê nie."

Ek het gesê: "Goed, want ek wil nie 'n flits sien nie, moenie foto's neem terwyl dit aan is nie, want dis Self Lig."

169 En so, net toe het ek Dit voel kom, ek het gesê: "Goed, meneer, hier is Hy." En opgestaan, ek het gesê: "Jy wat daar staan

met daardie Romeinse kraag aan soos 'n priester," ek het gesê: "jy's nie 'n priester nie, jy's 'n leier van twee-en-dertigduisend kommuniste."

En hy het geval oor die plat-. . . , uh, sy tafel soos daardie, gesê: "My God, dis reg, meneer!"

Ek het gesê: "Jy's nie 'n Duitser nie, en jy's ook nie 'n Switser nie, maar jy's 'n Italianer."

Gesê: "Dis reg."

Ek het gesê: "Die rede waarom jy nie jou ontbyt geëet het nie, is omdat jy maagsere het."

170 Hy het gesê: "God, wees my genadig!" En net daar het God hom genees.

171 Daardie groot, Duitse kamera het die foto geneem net so vinnig as wat dit kon. En daardie Duitser het reguit afgestorm, en hulle in die suur gesit, en dit voortgebring. *Hier* was die Heilige Gees, die Vuurkolom, wat afgekom het, *hier* is waar Dit gesalf het, en *hier* is waar Dit teruggegaan het. Vyftigduisend het Christus as persoonlike Verlosser ontvang. Sekerlik. Hy bly dieselfde.

172 Klaarmaak met my storietjie, die vroutjie wat daar gesit het, sy het 'n gebedskaartjie gehad, maar haar nommer is nie geroep nie, en sy het gesê: "O God!" Sy het begin huil en bid by haarself. Naderhand het die Heilige Gees omgedraai. . . my omgedraai, ek het daardie Lig sien ronddraai oor die vrou, ek het bly dophou totdat Dit in 'n visioen ingebreek het. Ek het gesê: "Jy het epilepsie, dame, Mev. *So-en-so*."

"Ja."

"Hartprobleme."

"Ja," het sy gesê.

Ek het gesê: "Behalwe dit, is jou man in 'n veteraan hospitaal, en hulle het hom opgegee om te sterf, en hy's in 'n ernstige toestand."

En sy het amper flou geword, sy het gesê: "Dis waar."

173 Ek het gesê: "Maar SO SPREEK DIE HERE, die Engel van die Here staan nou by sy bed en het hom genees, en hy's sterk en gesond op hierdie oomblik."

174 En die koerante het die artikel daarvan berig. Net die volgende oggend is hy ontslaan uit die veterane hospitaal en huis toe gestuur as 'n wonderwerk wat gedoen is. Wat is dit?

175 Julle sê: "Dit was Broer Branham."

176 Broer Branham het niks meer daarmee te doen gehad, as wat jy hieronder in Dallas, Texas gehad het nie, dis Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy bly dieselfde.

Kom ons bid.

177 Here God, wat 'n voorreg om so met 'n gehoor te praat! Alhoewel ek somtyds voel soos berisping in die Gees, slegs vir teregwysing, dat die mense nie traag sou wees nie, Here. Laat hulle weet dat ek hulle liefhet, en—en ek . . . hulle weet U het hulle lief. Maar Here, dat hulle sal ontwaak uit hierdie traagheid waarin die kerk besig is om te beland, hulle geestelike gemoed het begin . . . Hulle het soveel dinge gesien dat hulle gevoelloos geraak het, soos die seuntjie waarvan ek gepraat het. God, laat die gevoelloosheid vanaand weggaan.

178 Salf ons oë met oogsalf, salf ons harte om te glo. Salf u dienskneg, Here, dat ek in staat mag wees om myself oor te gee aan daardie groot Heilige Gees wat die kinders van Israel gevolg het, en toe gemanifesteer is in vlees, en opgeneem is in Heerlikheid, en Sy Gees teruggestuur het, Wat vir Paulus op die pad na Damaskus geroep het, en dit vir die Jode gedoen het.

179 En hier is ons aan die einde van die Heidene, en: "Dit sal Lig word in die aand," nie 'n ander lig nie, dieselfde Lig. Dieselfde Jesus wat die Lig in dieselfde skakering van die Seun gewys het, dieselfde skakering van dieselfde Seun wat gewys het op die Ooste, skyn op die Weste. God, mag dit nie oor die mense se kop gaan en rondom hulle hart nie, maar mag dit in hulle harte ingaan vanaand.

180 En help ons nou, Here, siende dat al die woorde wat ek kan sê, nooit soveel sal beteken as een Woord wat U sou sê nie, spreek net, Here, soos ons, U Kerk, onsself oorgee. Maak nie saak hoeveel U met my sou werk nie, Vader, as die mense nie gaan glo nie, hoe kan U werk? Want U het in U Eie land ingegaan en baie magtige werke kon U nie doen nie, as gevolg van hulle ongeloof.

181 En Here God, ons weet soveel *isme* en fanatisme het deur die kerke gegaan, soveel gelowiges, ongelowiges, en skyngelowiges, het deur die kerk gegaan, Here, soveel dinge. God, die arme mense, hulle is verlam, hulle weet nie wat om te glo nie, maar God, maak hulle oë oop vanaand, vir die Skrif en die Teenwoordigheid van Jesus, dat hierdie groot groep mense hier in Dallas, en buurstate rondom, U dierbare Seun, Jesus mag saamtrek. Want ons vra dit, in Sy Naam, en tot Sy eer. Amen.

182 Ek het pas 'n lang tyd met julle gepraat. Ek's senuweeagtig, sekerlik, maak julle ook senuweeagtig. Staan hierin net vir omtrent vyf minute en kyk wat gebeur. Een ding, een visioen sal meer uit jou uithaal as tien ure van konstante prediking. Julle weet die Skrif leer dit. Geestelike manne word altyd as neurote beskou, het julle dit geweet?

183 Wat van Amerikaanse liedjieskrywer Stephen Foster? Hy het die beste volksliedjies geskryf wat ons ooit gehad het, *Old Black Joe* en *Swanee River*. Wat sou hy doen wanneer die inspirasie hom getref het? Hy sou in daardie inspirasie kom, wanneer hy

daar uitkom, sou hy—sou hy dronk word. En uiteindelik het hy ’n dienskneg geroep, ’n skeermes geneem, selfmoord gepleeg.

184 Kyk na William Cowper, ek het by sy graf gestaan saam met Broer Lindsay, in Londen, Engeland, nie lank gelede nie, Ek het gehuil by sy graf, hy het daardie beroemde lied geskryf:

Daar is ’n Fontein Gevul Met Bloed,
Getrek uit Emmanuel se are,
Wanneer sondaars gedompel onder die vloed,
Al hulle skuldvlekke verloor.

185 Wat is daar van hom gedink in Engeland? ’n Neuroot. Sodra hy uit daardie inspirasie uitgekom het, het hy selfmoord probeer pleeg in die rivier. Dis reg.

186 Kyk na Jona die profeet, nadat hy in die walvis se maag was vir drie dae, en toe die Gees hom verlaat het, en hy bo-op die berg gesit het, het hy vir God gebid om sy lewe te neem.

187 Wat van Elía, toe die Gees op hom was en die visioene, het hy gesê: “Het dit alles gedoen op U bevel,” en Vuur uit die Hemel, en reën uit die hemele geroep, en toe uitgehardloop in die wildernis, was veertig dae, het nie eens geweet waar hy was nie, aan die ronddwaal in die wildernis, en God het hom agter in ’n grot gevind.

188 Sien, God kom altyd. Hy hou Sy Woord, maar baiekeer, is dit ’n bietjie anders as wat die leraars vir ons leer. Sien? Dit was so toe Hy die eerste keer gekom het; dit is altyd.

189 Nou, sover ek weet, is elke persoon in hierdie gebou ’n totale vreemdeling vir my, behalwe Mnr. Vayle hier, en hierdie manne wat hier sit. Hoeveel weet daarbuite in die gehoor, ek julle nie ken nie, niks van julle af weet nie? Steek julle hande op, ek nie een ding van julle af weet nie. Sekerlik, ek weet nie.

190 Billy het vir my gesê toe ek ’n paar minute gelede opgekom het, hy het ’n honderd gebedskaartjies uitgegee ’n rukkie gelede. Ek dink hy het gesê dit was gebedskaartjie P. Dis ’n klein. . . het “Branham Veldtogte” aan die een kant, die volgende kant het ’n letter P, en het een tot eenhonderd. Ons gaan daardie mense oplyn en vir hulle bid.

191 Nou, ons kan nie ’n stormloop hê nie, hulle is regoor die gebou, ons wil dit regmatiglik gee. Nou, wanneer ek jou nommer roep, dan kom jy. Net, as jy nie kan nie, steek jou hand op, as jy nie kan loop nie, sal iemand jou kom dra. Maar soos ek jou nommer roep, steek jy jou hand op. Of kyk, en as iemand nie antwoord nie, kyk dan na jou buurman se kaartjie, hy mag doofstom wees, kan nie praat of hoor nie, of kan nie beweeg nie, kyk en sien of hulle dit het.

192 Nou, wie het gebedskaartjie. . . ? Draai dit om, dit het ’n P daarop, soos *peper*. P, een, wie het dit? Steek jou hand op, in die gebou. P, nommer een. ’n Vrou ver agter aan die agterkant, kom

hiernatoe, dame. Nommer twee, P, nommer twee. Sal jy jou hand opsteek? Hierdie vrou hier. Wel, bring hulle net reguit af oor die platvorm net hier. Goed. Nommer twee, goed. Broer Vayle, gaan af soontoe. Nommer twee, nommer drie. Wie het P, nommer drie? Steek jou hand op. Het jy P, nommer drie? Kom reguit hiernatoe, suster.

193 Nommer vier, P, soos in *Paul*. P, nommer vier. Wie het dit? Steek jou hand op. Sal jy jou hand opsteek, of na jou buurman se kaartjie kyk? Kyk nou rond. Iemand het dit wat hier sit, en miskien kan hy nie opstaan nie. Hier's 'n klein kindjie wat nie kon beweeg nie, ek weet hulle kan nie. P, nommer vier, steek jou hand op, asseblief. As hulle in die gebou is en voor gebid wil word, binne of buite, steek jou hand op, asseblief. Wie het gebedskaartjie, P, nommer vier?

194 Nou kyk na julle buurman se kaartjie, almal, kyk rond na die mense wat het . . . wat langs julle sit, want dit mag iemand wees wat doof, stom daar sit, nie kan praat, hoor nie. Sien? Het julle dit gevind? P, nommer vier. Goed, miskien het hulle uitgegaan, sal binne 'n oomblik terug wees. Ons sal 'n oomblik wag.

195 Nommer vyf. Wie het P, nommer vyf, sal jy jou hand opsteek? Nommer vyf, goed. Nommer ses, hier oorkant. Nommer ses, hier oorkant. Nommer sewe, nommer sewe. Ver aan die agterkant, goed, kom. Nommer agt. Sien, jy nie . . . Dit is nie nou 'n arena nie, ons is in die kerk, sien julle moet net . . . kom julle almal so gou as wat julle kan. Nommer agt, nommer nege. Steek gou jou hand op. Nommer nege. Nog nie.

196 Kyk nou na julle kaartjies, dit mag iemand wees wat doof is en nie kan—nie kan hoor nie, stom, nie kan praat nie, kreupel, nie kan loop nie, ons sal iemand daar kry om jou hiernatoe te dra. Nommer nege. Nou, daardie . . . Wat was die ander een wat ontbreek het? Agt en nege ontbreek albei? Wat—wat . . . ? Daar's een ander een iewers ver terug, vier, dink ek was dit, vier. Nommer vier, is dit al hier? Nommer vier, agt, en nege.

197 Vriende, julle behoort nie die kaartjies te neem as julle hulle nie gaan gebruik nie. Sien, gee hulle vir iemand wat hier gaan wees. Goed. Wat? Agt is hier. Nege, nommer nege. Vyf is weg, vier het verskyn, maar vyf is weg. Nommer vyf. Wie het gebedskaartjie P, nommer vyf? Kyk, dit mag iemand wees wat nie eers kan Engels praat nie. Goed. Is daardie dame wat daar opstaan, het sy nommer vyf? ['n Broer sê: "Nege."—Red.] Nege, goed, sy is geroep, bring haar hiernatoe. Hier oorkant, dame.

198 Goed, nommer tien. Nommer tien, sal jy opstaan? Tien, goed, elf, twaalf. Dis reg. Twaalf, dertien, reg, veertien, veertien. Wie het veertien? Goed, vyftien, vyftien, sestien, sewentien, agtien. Agtien, goed, negentien, twintig, een-en-twintig, twee-en-twintig, twintig- . . . Goed. Twee-en-twintig, drie-en-twintig, vier-en-twintig, vyf-en-twintig, ses-en-twintig,

sewe-en-twintig, agt-en-twintig, nege-en-twintig, dertig, een-en-dertig, twee-, drie-, vier-, vyf-.

199 Hoeveel kry ons nou daarbuite? Ons wil nie te veel hê wat in die ry staan nie. Kyk hoeveel kort nou daarbuite.

200 Nou, nou net 'n oomblik terwyl ek vir hulle wag. Kom—kom sê vir my hoeveel kort daar, een van julle. Nou, net 'n oomblik, nou, die res van julle hier: Hoeveel is hier wat nie 'n gebedskaartjie het nie en jy wil hê Jesus moet jou genees? Steek jou hand op. Goed, oral. Nou, Hy bly dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

201 As jy daarbuite sal glo, hoef jy nie hier te wees nie. Mense hierbuite, dit maak geen verskil of julle hierbuite is of nie, hierbinne, dit maak nie saak nie, maar as jy net sal glo waar jy is, en Hy's 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakheid, sal Hy nie dieselfde optree as wat Hy het, net dieselfde nie? Hy moet net dieselfde optree.

Goed. Nou hê geloof, moenie twyfel nie, glo met jou hele hart. Goed.

202 Billy, hoeveel mis jy? Bo . . . Nommer vyf het nooit opgedaag nie. Het enigiemand gebedskaartjie nommer vyf, dis die enigste een wat nie opgedaag het nie. Gebedskaartjie vier en vyf, of het jy gesê vyf? Vyf, gebedskaartjie vyf. Het daardie dogtertjie 'n kaartjie? Enige van hulle? Dit is nie vyf nie? Ek haat dit om enigiemand uit te laat. Goed. Goed, dan.

203 Nou, ek wil nie hê julle moet rondbeweeg nie, ek wil hê julle moet baie eerbiedig wees, kry julle sitplekke, en gaan sit, en wees nou baie stil, baie stil.

204 Nou, besef julle, die dinge wat ek vanaand gesê het . . . ? Hoeveel glo dat ek absoluut die Skrif, die beloftes aangehaal het, en wat Jesus was en wat Hy belowe het om te wees? Nou is die tyd daarvoor om waarheid of fout bewys te word.

205 Watter gebedskaartjie het jy, dame? Goed. Kyk wat dit daaronder is. Gaan haar gebedskaartjie na en kyk wat sy daaronder het. Kyk of dit die een was . . . as dit . . . Ek wil nie enigiemand daarin sit nie . . . Wat? Wel, sy—sy—sy het 'n kaart gehad, maar dit was nie die getal wat veronderstel was om te wees nie, dit was nie . . . Laat haar net daar sit, ons gaan die res van hulle in elk geval binne 'n paar minute roep, so sit net—net baie stil. Dis reg. Goed.

206 Nou, aan elkeen van julle, kyk nou, ons Here het gesien . . . Een vrou het Sy kleed aangeraak en daar het krag van Hom uitgegaan. Ons weet dit, is dit reg? Maar daarin, wat het die vrou gekry? Daar is vir haar vertel dat sy 'n bloedvloeïng gehad het en dat haar geloof haar gered het. Nou, dit was nie—dit was nie Jesus wat die visioen gesien het nie, dit was die vrou se geloof wat God in Christus aangeraak het, en God het haar geloof geëer.

207 Maar toe God iets gehad het om te doen, het Hy . . . soos die opstanding van Lasarus, dat . . . Lasarus is deur 'n visioen opgewek. Glo julle dit? Wel, Jesus het gesê: "Ek doen niks totdat die Vader My wys nie." Is dit reg? Hou die Skrif hier dop, wat Hy gesê het, gestaan by die graf van Lasarus, het Hy gesê: "Vader, Ek dank U dat U my alreeds gehoor het, maar vir diegene wat hier staan, het Ek dit gesê." Sien?

208 Kyk, Hy het gesê: "Ons vriend Lasarus slaap." Hy het gesê: "Hy's dood. Julle onthalwe is Ek—is Ek bly Ek was nie daar nie."

209 Goed. Nou, bid nou net, moenie rondbeweeg nie, sit baie stil en bid. En as Jesus sal doen . . .

210 Nou, in jou foto's, dierbare broer, as jy dit gaan neem, neem dit nou, moet dit nie neem terwyl die salwing kom nie, want dis 'n Lig, sien, en ek moet daardie Lig volg volgens die geloof. As jy Dit wil neem, neem dit nou as dit 'n flits is, julle sien, want dit—dit gaan reguit in . . .

211 Sien, die Engel van die Here is 'n verterende Vuur. Hoeveel weet dit? Dis 'n Lig, Dis die Vuurkolom wat in die woestyn was. Hier is dit. Ek het gewoonlik een wat hier lê. Hoeveel het die foto Daarvan gesien? Het hulle Dit hierbo by die platvorm gehad? Goed. Nou, dis . . . As dit is . . . as ons is, vanaand . . . Hierdie is dit. As ons is . . . As Dit die Vuurkolom is, enigiemand weet deur wetenskaplike bewys, dat Dit nie ek is wat dit doen nie, Dis daardie Engel van die Here. Wel, as Dit Christus is, daardie selfde Engel wat in Christus was wat in die brandende bos was, wat belowe het om vir die Heiden te wees net soos Hy toe was, dan sal Dit dieselfde ding doen wat Hy toe gedoen het, want elke wynstok sal deur sy lote die einste lewe reinig wat daar in die wynstok is. Is dit reg?

212 Nou, as Hy sal optree, ek sê nie Hy sal nie, maar as Hy dieselfde ding sal doen wat Hy gedoen het toe Hy hier was, hoeveel van julle sal dit glo? Goed. Nou kyk, dit maak nie saak . . . Nou, ek laat nie . . .

213 As daar dokters naby sit, ek maak nie aanspraak om 'n geneser te wees of jou plek in te neem nie, Dokter, ek kom hiernatoe om vir een ding te bid: God se kinders, jou pasiënt, my vriend. Ek probeer nie jou plek inneem nie, Dokter, glad nie. Ek glo jy is God se dienskneg as jy 'n ware dienskneg van God is. Ek glo as jy die Here liefhet, en iets vir die mense probeer doen, eer ek jou beslis, meneer. Ek het wonderlike dokters. Ek is ondersoek deur, of 'n onderhoud mee gevoer, liewer, deur Mayos' en baie van hulle. En in my eie stad, goeie dokters van groot klinieke soos Dokter Sam Adair.

214 Enigeen van julle wat wil, kan hom bel, op my onkoste, Dokter Sam Adair van die groot kliniek van Jeffersonville, en vir hom vra of dit waar is of nie, vra wat dit vir hom gedoen het, vra hom of daardie visioene sal gebeur; enige van die amptenare

van die stad, enige plek. Sien? Dis werklik, vriend, so ons is. . . As Hy kom, is Hy. . . is ons in Sy Teenwoordigheid.

215 Nou, hierdie is. . . Ek's swak om mee te begin, en dis. . . hierdie verswak my meer. Nou, laat ons net baie eerbiedig wees, net so eerbiedig as wat ons kan wees. En nou, begin jy glo, sê: "Here, as Broer Branham, wat die Skrif aanhaal, ek weet hy ken my nie of weet niks van my af nie, maar as dit waarheid is, laat U net vir Broer Branham U Gees gebruik om te draai. . . U is die Hoëpriester, en ek wil U aanraak, en ek gaan U aanraak, Here, en as Broer Branham vir my die waarheid vertel het, laat dit dan met my bevestig word. En wanneer ek omdraai. . . Laat Broer Branham omdraai en vir my sê, soos U het deur Jesus, die vrou wat die bloedvloeïng gehad het, daar sal nooit nog 'n twyfel in my gemoed wees nie."

216 Is dit goed genoeg? Dis julle sonder gebedskaartjies daarbuite, julle wat nie in die gebedsry sal wees nie. Die gebedskaartjie is niks, net eenvoudig om die salwing te laat begin onder die mense, want tagtig persent van julle hier was nog nooit tevore by een van die dienste nie. Sien? Ek kan jou gees voel, ek weet jy wonder. Sien?

217 So, maar nou in die Naam van Jesus Christus die Seun van God, neem ek elke siel en gees hierbinne onder my beheer tot Sy eer. Wees nou eerbiedig.

218 Is dit die vrou? Hier is 'n vrou wat hier langs my staan vanaand, ek het nog nooit in my hele lewe die vrou gesien, sover ek weet nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar, is ons, mevrou? Ons is? As ons is, steek net jou hand op, sodat. . .

219 Nou, *hier* is die Bybel. As julle wil weet of Christendom. . . As Hy dit sal doen. . . Hier's Christendom weer, hierdie is Johannes 4, 'n man en 'n vrou wat nog nooit tevore in die lewe ontmoet het nie: Jesus en die vrou by die put. En Jesus het met haar gepraat totdat Hy gevind het wat haar probleem was en vir haar gesê, en sy het dit herken as die Messias. Is dit reg?

220 Nou, *hier* is my hande. . . Ek sweer nie, want ek glo daarin nie, sy ook nie. Nou, die vrou mag 'n bedrieër wees, sy mag 'n slegte vrou wees, sy mag 'n goeie vrou wees, sy mag 'n Christen wees, sy mag 'n ongelowige wees, ek weet nie, sy mag kanker hê, sy mag—sy mag niks hê nie. Ek weet nie wat die vrou is nie, ek het haar nog nooit gesien of van haar gehoor nie, Ek weet niks van haar af nie, maar daar's Iemand hier Wat wel weet, en dis die Een *hier*. Nou, as Hy wil, deur 'n Goddelike gawe net om myself te verneder, en myself te ontspan van prediking, totdat Sy Gees sal afkom en iets sê. . .

221 Nou, as ek vir hierdie vrou gesê het: "Dame, halleluja, jy's siek, glorie aan God, jy gaan genees word! Halleluja!" sy dit kon glo, sou dit in orde wees, dis in die haak, dit sou in die haak wees, maar sy sou 'n reg hê om dit te betwyfel. Maar wat as die Heilige

Gees teruggaan in haar lewe vir jare, iets uittrek waarvan sy weet ek niks weet nie? Wat dan daarvan? En as Hy weet wat was, sal Hy sekerlik weet wat sal wees. As Hy kan sê wat was, laat die vrou dan die beoordelaar wees, en wees julle die beoordelaar.

222 Nou verneder jouself nou net, vergeet jou bygelofies, en jou klein gedagtetjies, en lê net regtig jou hart reg voor God neer, en sê: "God . . . "

223 Moenie na my kyk nie. Sien, ek's net 'n mens, 'n sondaar gered uit genade, net met 'n Goddelike gawe wat Jesus Christus, God se Seun, vir my as 'n arme, Baptiste prediker gegee het, om na julle Pinksters, en wie ook al wil kom, gestuur te word. Nou, dis al.

224 Nou, dame, net 'n woord met jou soos ons Here het.

225 En—en wie ook al op die mikrofoon of die ingenieur is hier, ek weet nie . . . wanneer 'n visioen kom, is ek in 'n ander wêreld, so ek weet nie hoe hard ek praat nie, so hou julle—julle dit dop.

226 Nou, net om 'n oomblik met julle te praat. Nou, hier is weer 'n drama. As Jesus dieselfde bly gister, vandag, en tot in ewigheid, en Hy sal vir my iets omtrent jou bekendmaak, wat jy weet . . . wel, ek weet niks van jou af nie, maar as Hy dit sal bekendmaak, sou jy glo dat Hy jou die ding sou gee waarvoor jy vra? Sal—sal jy net jou hand opsteek daarvoor, jy dit glo?

227 Nou, sal die gehoor dieselfde doen, aangesien albei van ons ons hande opgesteek het dat ons nie mekaar ken nie?

228 Nou, Here God, die res van die diens kom na U toe, alles wat bereik is, is U s'n. En nou, laat U Heilige Gees liefdevol op ons beweeg, salf die lote, Here, wees die Lewe in die Wynstok, en gee ons, vanaand, die bewys van die opstanding, want ons weet dat tweeduisend jaar niks vir U beteken het nie, U lewe vir ewig.

229 En gee hierdie arme Christene wat sukkel, en probeer het om, en—en hulle geld spandeer het om kerke te bou, en alles gedoen het, en goed probeer lewe het, gee vir hulle 'n groot vreugde vanaand om te weet dat hulle Jesus lewendig is, Hy is nie net 'n —'n uitroep nie, Hy is nie 'n—'n—'n vreugde nie, tog is Hy, maar Hy's 'n lewende Persoon, Christus, die Seun van God. Skenk dit, Vader. Alle lof sal U toekom. In Jesus' Naam.

230 Nou, as die Here God vir my sou sê, wees jy die beoordelaar, soos ons albei ons hande opgesteek het, ons nog nooit ontmoet het, of niks van mekaar geweet het in die lewe nie. As die Here God aan my sou openbaar waarvoor jy hier is, of iets van dié aard, weet jy of dit korrek sal wees of nie, die gehoor het dieselfde gesê. Nou sien julle waar ek staan.

231 Nou, as Jesus dit sal doen, Hy hou Sy belofte, dan is hierdie 'n seker teken dat die Heidense tydperk besig is om te eindig, en die Kerk uitgeroep word, dis die laaste boodskap, dit was die laaste aan die Jode, dis die laaste aan die Heiden. En deur Sy genade, en

deur 'n Goddelike gawe, dan Sy Teenwoordigheid hier, sou almal dit glo. Ek bid dat Hy dit sal skenk.

232 As die gehoor steeds my stem kan hoor, die vrou gaan weg van my af. Sy's nou bewus dat daar iets aangaan. Die vrou is 'n Christen, sy's 'n gelowige. En sy wil hê ek moet vir haar oë bid, haar oë word sleg, dis waar. As dit reg is, steek jou hand op. Jy dra nie 'n bril of niks nie, maar jou oë word dof, dis die senuwee in jou oog, wat sterf. Dis reg.

233 Nou, glo julle? Nou, julle—julle—julle dink ek het dit geraai. Ek het nie. Laat God die regter wees.

234 Kyk weer na my. God weet ek probeer nie afwys nie, ek wil net hê hierdie mense moet weet, suster. Jy is oënskynlik 'n goeie persoon, het 'n goeie kontak met God. Nou, ek weet nie wat ek vir jou gesê het nie, dis op die band, dis al wat ek ooit weet, ek sal dit nie onthou wanneer die diens verby is nie. Maar nou, mag God my help dat die mense dit alles uit hulle gedagtes sal kry.

235 Ja, ek sien die vrou van my af weggaan, dis iets met haar oë, sy word blind. En nog iets, sy het 'n longprobleem, iets verkeerd met haar longe. En ek sien jou in 'n gebedsry staan, daar is so pas vir jou gebid, reg in hierdie selfde diens. Jy kan dit net nie aanvaar nie, skynbaar, jy kan dit nie begryp nie. Dis reg, dit is waar.

236 En laat ek vir jou sê . . . Glo jy dat ek Sy profeet is? Kyk, jy's bekommerd oor iets, en dis 'n dogter van jou wat gereed is om 'n baba te hê, en sy het daardie Rh-bloed, en jy's bang vir 'n bloedbotsing in die baba.

237 Behalwe dit, het jy 'n kleinseun, en hy moet 'n operasie ondergaan met 'n manlike testis-probleem, SO SPREEK DIE HERE. Dit is waar. Glo jy jy ontvang nou? Glo jy dat die Stem, wat Dit ook al was wat met jou gepraat het, nie myne was nie, maar dit Syne was? Ontvang dan waarvoor jy vra. Gaan blymoedig, wees gelukkig. Dit sal alles reg wees, glo net.

"As julle kan glo!" Nou hê net geloof.

238 Aangename kennis, dame? Ek veronderstel dat ek en jy totale vreemdelinge vir mekaar is. Ons ken nie mekaar nie? Hierdie is ons eerste keer. Jy's net 'n vrou, wat 'n gebedskaartjie het en jy het hier opgekom in die ry, geen manier vir my om jou te ken nie, maar God ken jou wel. As Hy aan my sal openbaar wat jou probleem is, en jy weet ek weet nie, maar as Hy dit sal openbaar, sal jy weet dis 'n bonatuurlike krag. Sal jy saam met die Fariseërs sê: "Dis Beëlsebub," of sal jy saam met die gelowiges sê: "Dis Jesus Christus dieselfde . . . "? Jesus Christus.

239 Nou, het daar iets in die gehoor gebeur. Nou, hou net aan glo. Daar was 'n vrou wat gebid het, dis 'n baie ouer vrou as hierdie, en sy het hier voor my verskyn, aan die bid. Iemand bid vir 'n probleem hierbinne wat die Hoëpriester aangeraak het.

240 Laat ons weer praat. Ek kan net gaan soos die Gees my lei. O, jy's nie hier vir jouself nie, jy's hier vir iemand anders, dis 'n man, dis jou man, en hy ly aan 'n, jy noem dit 'n demoniese onderdrukking, dis 'n senuweetoestand wat sy senuwees afgebreek het, dis SO SPREEK DIE HERE. Dis waar, is dit nie? As dit is, wuif jou hande. Glo jy dat ek Sy profeet is? Neem daardie sakdoek waarmee jy jou trane afgevee het en lê dit op hom, en hy sal gesond gemaak word, SO SPREEK DIE HERE.

241 "As julle kan glo!" Hê geloof in God, moet nou nie twyfel nie, hê geloof in God. Wees baie eerbiedig, baie eerbiedig nou.

242 Hier is dit, hier is sy, dis 'n vrou wat net hier op die punt van die sitplek sit met 'n groen rok aan. Dame, jy het net toe gebid (Was dit reg?), vir my om jou te roep. As God aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is? Jy ly aan 'n lewerprobleem. Dis reg. Jy *het*, jy het dit nie meer nie, jou geloof het jou gesond gemaak. God seën jou.

243 Ek ken nie die vrou nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Wat het sy aangeraak? Sy's twintig voet van my af. Wat het sy aangeraak? Die Hoëpriester.

244 Daar's nog 'n vrou met haar hand op, reg agter haar, direk agter haar daar, klein wit serpie, wat ly aan 'n asmatiese toestand en 'n hartprobleem. Is dit reg, dame, jy wat jou hand opgesteek het? As dit reg is, staan op jou voete. Goed, jy's genees, jou geloof maak jou gesond. Gaan en glo. Jy mag nou maar sit. Gaan huis toe met vertroue op God.

245 O, Sy Goddelike Teenwoordigheid! Besef julle, vriende, kan julle verstaan? Wat is dit? Dit moet 'n Gees wees. *Hier* is Sy foto, *hier* is Sy Woord, Hy doen dieselfde, dis julle wat dit doen. Hier, ek sal julle wys: Daardie vrou is so pas genees toe sy daar gesit het, haar vriendjie wat langs haar sit, het ook gebid. Dis reg, die vroutjie met die blouerige rok aan, wat haar oë afvee. U het gesê: "Here, laat dit ek wees volgende." As dit reg is, wuif jou hand. Hoe sou ek weet waaroor jy gebid het en die woorde wat jy gesê het? Glo jy God kan vir my sê wat jou probleem is? Jy ly aan probleme in jou kop. As dit reg is, wuif jou hand. Dis nou alles verby, jou geloof het jou genees. Gaan huis toe en word gesond.

246 Hê geloof in God, moenie twyfel nie, glo, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo.

247 Hierdie dame, ek's jammer. Ons is vreemdelinge vir mekaar, ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien nie, maar God ken jou. Goed. As God jou probleem aan my sal openbaar, glo jy dat ek Sy dienskneg is?

248 Nou begin jy glo. Dit begin nou net regdeur die gebou beweeg. Sien? Dis hoe om dit te doen. Moet nou nie twyfel nie. Julle wat hier in daardie stoele sit, julle is nie hopeloos nie, kry dit sommer nou uit julle gedagtes uit, hierdie is die tyd vir julle, glo.

249 Nou die vrou, kyk na my, net 'n oomblik. Waarom ek dit sê, soos Petrus en Johannes gesê het: "Kyk na ons." Jy's bewus dat daar iets aangaan. Jy het 'n baie liefdevolle, nederige gevoel, reg tussen my en jou staan hierdie Lig net hier, nou, dis wat jou so laat voel. Nou om eerlik te wees met my en met God, jy het nou 'n gevoel wat jy nog nooit gehad het nie, soos 'n baie soet gevoel- . . . As dit reg is, steek jou hand op sodat die . . . Sien?

250 Jy staan nie hier vir jouself nie, staan hier vir iemand. Glo jy dat God hulle sal gesond maak? Glo jy dit met jou hele hart? Jou moeder sal genees word. Glo jy dit? Sy het diabetes, en sy het hartprobleme. En dat jy mag weet ek is God se profeet, of, Sy dienskneg, sy's nie hier nie, sy woon in Wichita, Kansas. Jy's . . . Stuur daardie sakdoek na haar toe, sy sal regkom.

251 Glo God, moenie twyfel nie. Kom gelowig. "As julle kan glo!"

252 Glo jy God genees daardie vroueprobleem en maak jou gesond, damesprobleem? Jy glo. Dink jy jou man sal daaroor juig? En hy weet daarvan, eerwaarde. Glo jy dat Hy sou . . .? Glo jy my met heel . . .? God . . . Gaan dan terug na jou huis toe. Jesus Christus maak jou gesond. Hê geloof.

Kom, dame.

253 Moet nou nie dink ek het die vrou se gedagtes gelees nie, ek het nie.

254 Hier, lê jou hand op myne, dame, sit jou hand op. As God aan my sal openbaar, terwyl ek *hiernatoe* kyk, wat jou probleem is, sal jy my glo? As jy sal, neem jou hand van myne af, steek dit op. Goed. Glo jy daardie gewasse sal uitgaan sonder die operasie, uit die vroulike . . .? Gaan huis toe en juig, hulle het. Amen. Hê geloof in God.

255 Glo julle? Kyk of die Heilige Gees hier is.

256 Dame, daardie rugprobleem wat jy gehad het, het jou verlaat terwyl jy in die stoel gesit het, gaan blymoedig op jou pad, gaan op jou pad, word gesond gemaak. Hê geloof.

257 Wat as ek nie enigiets vir jou gesê het nie, sal jy my steeds glo? Wat as ek gesê het jy is genees? Sou jy my glo? Gaan verheug.

258 Net 'n oomblik, die man wat daar sit, jy het keelprobleme, aambeie. Het vergroeisels ook, het jy nie? Glo jy dat God jou sal gesond maak? As jy dit glo, kan jy dit kry.

259 Daardie rug pla jou al vir 'n lang tyd, maar dis nou weg. Gaan op jou pad en juig. Hê geloof in God.

260 Kom. Daardie diabetes, jy sal nooit weer enige insulien hoef te neem as jy sal glo nie. Gaan net verheug, sê: "Dankie, Here." Gaan blymoedig, hê geloof. Goed.

261 Bring hom nader. Glo jy die bloedarmoede het hom verlaat? Glo jy die bloedarmoede toestand is weg? Neem hom weg, neem, en word gesond.

262 Hoeveel in hierdie gebou wil glo? Glo julle met julle hele hart? Is Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Wat het ek hierbinne gedoen? Glo julle dit? Lê julle hande oorkant op mekaar, en ek sal vir julle wys wat God sal doen. Jesus het dit gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Het Hy dit gesê? Almal wat gelowiges is, steek julle hande op. Lê julle hande op iemand, julle gelowiges, lê julle hande op mekaar, buig julle hoof.

263 O God, in Jesus Christus' Naam bestraf ek die duiwel en al sy werke, en vra dat elke persoon hierbinne bevry sal word van hulle siekte.

264 Satan, jy het die stryd verloor, jy is ontbloot, jy's niks anders as 'n bluf nie, en jy is ontbloot op die platvorm, kom uit hierdie mense uit in die Naam van Jesus Christus! Verlaat hierdie gemeente van mense en wees . . . !

58-0612 Ons Wil Jesus Graag Sien
Tentdiens
Dallas, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org